



# Nalibali

It starts with a story...

## Playing their way to literacy!



**Have you ever tried to stop children from using their imagination? It's one of the hardest things in the world to do!**

Children use their imaginations regularly. It makes sense to encourage them to do this because as they play "let's pretend" games, they also learn to use symbols. This means that they learn how to use one thing to stand for another, for example: your child uses a spoon as a "pretend" phone, or a plastic plate placed on your child's head acts as a crown. In books, words are symbols for thoughts and ideas. So, through playing "pretend" games, our children develop an understanding that is essential for learning to read.

Here are some ways you can encourage your children's "pretend" play.

- Join in.** Ask if you can be a character in your children's game and then join in the game. Get down to your children's level by sitting on the floor or on a low chair. When you join in your children's games, it helps you connect with them.
- Watch and follow.** Try putting out some toys that could be used for pretend play – like a doll, truck or toy phone – and then see what catches your child's interest. When she picks up a toy and starts to play with it, play that pretend game with her. Children are much more motivated to play with you when you follow their lead.
- Take turns.** Sometimes, if children aren't pretending very much, it's easy for us to feel like we need to take over and show them what to do. After you have done something with your toy, just wait a little bit so that your child can have a turn to do something with his toy. Think of it like a conversation – each of you gets a chance to say or do something!
- Read aloud.** Stories are like fertiliser for the imagination – they help it to grow! Storybooks offer children an endless supply of ideas for characters, settings and situations that they can use in their pretend play.

Find the child inside you as you enjoy playing "let's pretend" with your children, knowing that you are also helping to develop their literacy!

**Enjoy our cut-out-and-keep book on pages 3 to 6 that is in celebration of Children's Day on 1 June!**



Hier is maniere waarop jy jou kinders se verbeeldingspel kan aanmoedig.

- Speel saam.** Vra of jy 'n karakter in jou kinders se speletjie kan wees en speel dan saam. Kom tot op jou kinders se vlak deur op die vloer of 'n lae stoel te sit. Wanneer jy speletjies saam met jou kinders speel, help dit om 'n band tussen julle te bou.
- Hou dop en volg dan.** Pak speelgoed uit wat vir "kamma"-speletjies gebruik kan word – soos 'n pop, vragmotor of speelgoedtelefoon – en kyk dan wat jou kind se belangstelling prikkel. Wanneer sy 'n speelding optel en daarmee begin speel, speel dan daardie "kamma"-speletjie saam met haar. Kinders is baie meer gewillig om saam met jou te speel wanneer jy hulle leiding volg.
- Maak beurte.** Soms, as kinders nie geneë is om speletjies op te maak nie, voel ons asof ons moet oortuig en vir hulle moet wys wat om te doen. Nadat jy iets met jou speelding gedoen het, wag net 'n rukkie sodat jou kind 'n beurt kan kry om iets met sy speelding te doen. Dink daaraan as 'n gesprek – elkeen van julle kry 'n kans om iets te sê of te doen!
- Lees hardop.** Stories is soos bemesting vir die verbeelding – dit help die verbeelding groei! Storieboeke bied kinders 'n eindelose voorraad idees vir karakters, tonele en situasies wat hulle in hul verbeeldingspel kan gebruik.

Vind die kind in jou wanneer jy "kamma"-speletjies met jou kinders speel, en weet dat jy hulle so ook help om hul geletterdheid te ontwikkel!

**Geniet jou knip-uit-en-bêreboekie op bladsye 3 tot 6 ter viering van Kinderdag op 1 Junie!**

## Speel-speel na geletterdheid!



**Het jy al ooit probeer om kinders te keer om hul verbeelding te gebruik? Dis een van die moeilikste goed in die wêreld om te doen!**

Kinders gebruik hulle verbeelding gereeld. Dit maak sin om hulle aan te moedig om dit te doen, want terwyl hulle "kamma"-speletjies speel, leer hulle ook om simbole te gebruik. Dit beteken hulle leer hoe om een ding te gebruik om 'n ander voor te stel, byvoorbeeld: jou kind gebruik 'n lepel as 'n "kamma"-telefoon, of 'n plastiekbord op jou kind se kop dien as 'n kroon. In boeke is woorde simbole vir gedagtes en idees. Deur "kamma"-speletjies te speel ontwikkel ons kinders dus 'n begrip wat noodsaaklik is om te leer lees.



**Don't have time to get to the library or running out of stories to share with your little ones? Visit [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) to access stories on your phone – anywhere, anytime – and in a range of South African languages! (Standard data rates apply.)**



**Het jy nie tyd om biblioteek toe te gaan nie, of is jou voorraad stories om met jou kinders te deel uitgeput? Gaan na [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) om op jou foon toegang te kry tot stories in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale – enige plek, enige tyd! (Standaardtariewe geld.)**



Drive your imagination

Read to me. In my language.  
Lees vir my. In my taal.



It starts with a story...





Drive your imagination

## Your story

To celebrate Children's Day, here is a piece of writing and a drawing by Lerato Maletle who is in Grade 3. Enjoy reading it – and then write to us about yourself and your own experiences of Children's Day! You stand a chance of having it published in the Nal'ibali supplement, or on the Nal'ibali website. Remember: it has to be all your own work!

### MY SELF

On Saturday I was so happy  
about Children's Day. It was  
so funny and so exciting  
and children were playing  
together. We were doing  
things. They were all children's responsibility.

### Time to read Children's day



Lerato Maletle, Dikokwane Reading Club, Sekhukhune District, Limpopo

## Jou storie

Hier is 'n skryfstuk en 'n prent deur Lerato Maletle wat in Graad 3 is, ter viering van Kinderdag. Geniet dit om dit te lees – en skryf dan vir ons van jouself en jou eie ervarings van Kinderdag! Jy staan 'n kans om dit in die Nal'ibali-bylae, of op die Nal'ibali-webwerf gepubliseer te kry. Onthou: dit moet alles jou eie werk wees!

### Oor myself

Ek was Saterdag so opgewonde oor Kinderdag. Dit was soveel pret. Die onderwysers en kinders het saam gespeel. Ons het gedigte gelees, liedjies gesing en van kinders se verantwoordelikhede geleer.

Lerato Maletle, Dikokwane-leesklub, Sekhukhune-distrik, Limpopo

(Hierdie stuk is in Engels geskryf en toe in Afrikaans vertaal.)

Send your writing and pictures to:  
info@nalibali.co.za or PRAESA,  
Suite 17-201, Building 17, Waverley  
Business Park, Wycroft Road,  
Mowbray, 7700.

Stuur jou skryfwerk en prente  
aan: info@nalibali.co.za of PRAESA,  
Suite 17-201, Gebou 17,  
Waverley-besigheidspark,  
Wycroftweg, Mowbray, 7700

We did it...  
**Thank you!**  
Together, on World Read Aloud Day, we read aloud to  
**47 902**  
children across South Africa!


Ons het dit reggekry...  
**Dankie!**  
Op Wêrelddag vir Hardop Lees het ons saam hardop gelees vir  
**47 902**  
kinders vanoor die hele Suid-Afrika heen!

## Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

X-K FM on Monday to Wednesday from 9.00 a.m. to 9.15 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



## Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

X-K FM van Maandag tot Woensdag vanaf 9.00 vm. tot 9.15 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

### Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

### Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.








Dan staan ek op en skree.

I stand up and I shout.

Nee, nee, moenie aan my vat nie!


No, no, don't touch me!



Maar wanneer iemand aan my vat en my ongemaklik laat voel, voel ek bang en alleen en klein.

But when people touch me in ways that feel bad, I feel scared and alone and small.

The Little Library




Touch is one of 36 stories available in the Little Library Kits for Numeracy, Literacy and Life Skills. Each kit contains 60 readers (5 copies of 12 stories), 12 big books, 12 posters and a comprehensive teacher's guide. The readers and the big books are available in all 11 official languages. For more information please visit our website [www.cup.co.za](http://www.cup.co.za).

Cambridge University Press  
 P O Box 50017, V&A Waterfront, 8002  
 Tel 021-4127800 | Fax 021 4198418  
 Email [info@cup.co.za](mailto:info@cup.co.za)

 **CAMBRIDGE**  
 UNIVERSITY PRESS  
[www.cup.co.za](http://www.cup.co.za)

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



CAMBRIDGE

# Touch Dis my liggaam



Penny Hansen  
 Joan Rankin







Ek hou daarvan om die koue reën op my neus te voel. En wanneer ek hartseer is, laat my maat se drukkie my beter voel.

I like to feel the cold rain on my nose. And my friend's hug makes me feel better when I am sad.



I like my mother to hug me.

Ek hou daarvan as my ma my 'n drukkie gee.



And my father to tuck me in at night.

En as my pa my saans warm toemaak.



Ek hou glad nie daarvan as jy aan my raak nie.

I don't like that touch at all.



"This is me and this is my body and I will look after this body of mine."

"Dit is ek en dit is my liggaam. Ek sal my liggaam mooi oppas."



When big kids want to fight with me,  
Wanneer groot kinders met my wil baklei,



I like grandpa to touch my cheek.  
Ek hou daarvan as Oupa saggies aan my  
wang raak.




Fold

I can say, "You can't touch me."  
And I can go where I feel fine.



Ek kan sê: "Jy mag nie aan my vat nie."  
En ek kan iewers heen gaan  
waar ek veilig voel.




I like to roll on  
the ground with  
my friend,



Ek hou daarvan om saam met my maats  
op die grond rond te rol,

Fold





Fold

Fold 6





## Get creative!

Making their own books is an excellent way of encouraging children to be creative! And when children write down their own stories it helps them to see themselves as authors and/or illustrators. In celebration of Children's Day, why not invite your children to write stories from their own lives or to make up imaginary ones.

### You will need:

- paper
- stapler, or wool, or string
- pens or pencils
- crayons, kokis or pencil crayons

### What to do:

1. Give your children large sheets of blank paper so that they can first write down any story ideas they may have.
2. Next, take a few sheets of blank paper and fold them down the middle. By doing so, each sheet of paper will give your children four pages for their books. So, for example, if they think they will need twelve pages to tell their story, you will need to give them each three sheets of folded paper.
3. Staple the sheets of paper together down the left side of the book. Or, use wool or string to tie the pages together. (Cut a long piece of wool or string and lay it down the middle of the book. Close the book and tie the ends of the wool/string together along the book's spine.)
4. Leave the first page blank – this will be made into the cover later.
5. Let your children start creating their stories on the first left-hand page. Some children like to write the words of the story first and then do the pictures. Others prefer to start with their drawings and then add the words. Allow your children to work in whichever way they are most comfortable.
6. When they have finished creating their story, encourage them to think of a title and then write it on the first page. Remind them to add their names as the author and illustrator, and then to decorate the cover.
7. Encourage your children to read their stories to family and friends!

## Wees kreatief!


Om hulle eie boeke te maak is 'n wonderlike manier om kinders aan te moedig om kreatief te wees! En wanneer kinders hulle eie stories neerskryf, help dit hulle om hulself as skrywers en/of illustreerders te sien. Nooi jou kinders om stories oor hulle eie lewens te skryf, of stories op te maak ter viering van Kinderdag.

### Jy benodig:

- papier
- kramdrukker, of wol, of tou
- penne of potlode
- kryte, kokipenne of potloodkryte

### Wat om te doen:

1. Gee vir jou kinders groot velle blanko papier sodat hulle eers enige storie-idees wat hulle het, kan neerskryf.
2. Neem dan 'n paar velle blanko papier en vou dit in die helfte. Deur dit te doen, gee elke vel papier vir jou kinders vier bladsye vir hulle boeke. As hulle byvoorbeeld dink dat hulle twaalf bladsye nodig het om hulle storie te vertel, hoef jy net vir elkeen drie gevoude velle papier te gee.
3. Kram die velle papier aan mekaar vas aan die linkerkant van die boek. Of gebruik wol of tou om die bladsye aan mekaar vas te bind. (Knip 'n lang stuk wol of tou en lê dit in die middel van die boek neer. Maak die boek toe en bind die punte van die wol/tou langs die boekrug vas.)
4. Laat die eerste bladsy oop – dit sal later die omslag word.
5. Laat jou kinders hul stories op die eerste linkerkantse bladsy begin. Sommige kinders hou daarvan om eers die woorde te skryf en dan die prente te teken. Ander verkies om met die prente te begin en dan die woorde by te voeg. Laat jou kinders toe om te doen wat vir hulle die gemaklikste is.
6. Wanneer hulle klaar is met hulle storie, moedig hulle aan om aan 'n titel te dink en dit op die eerste bladsy te skryf. Herinner hulle om hul naam as die skrywer en illustreerder by te voeg, en om dan die omslag te versier.
7. As hulle wil, kan jou kinders dan hulle stories vir familie en vriende lees!



**Win!** If your children are aged between 3 and 16 years, send us their completed storybooks and stand a chance of winning one of five book hampers for them. Send your books to: PRAESA, Suite 17–201, Building 17, Waverley Business Park, Wycroft Road, Mowbray, 7700. Don't forget to add your contact details and the name and age of your child/ren. Competition closes 25 June 2014.

**Wen!** As jou kinders tussen 3 en 16 jaar oud is, stuur hul voltooide storieboeke vir ons en staan 'n kans om een van vyf boekgeskenkpakkies vir hulle te wen. Stuur die boeke aan: PRAESA, Suite 17–201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wycroftweg, Mowbray, 7700. Moenie vergeet om jou kontakbesonderhede en die naam en ouderdom van jou kind/ers in te sluit nie. Kompetisie eindig 25 Junie 2014.

## The Nal'ibali bookshelf

Have you tried reading one of Aesop's fables to your children? People think that Aesop was a slave who lived long ago in Ancient Greece – but no one is quite sure! We do know that he was an excellent storyteller because many of his stories have survived over time and are still told and read today. His birthday is celebrated every year on 2 June.

Here is a book that has sixteen of Aesop's wise, witty and timeless fables, retold in an African setting. It's available in English and Afrikaans.

**Title:** *Aesop's Fables*

**Author:** Retold by Beverley Naidoo

**Illustrator:** Piet Grobler

**Publisher:** Human & Rousseau (www.humanrousseau.com)



## Die Nal'ibali-boekrak

Het jy al probeer om een van Esopus se fabels vir jou kinders te lees? Mense glo Esopus was 'n slaaf wat lank gelede in Ou Griekeland geleef het – maar niemand is heeltal seker nie! Ons weet hy was 'n uitmuntende storieverteller, want baie van sy stories het behoue gebly en word vandag nog steeds vertel en gelees. Sy verjaardag word elke jaar op 2 Junie gevier.

Hier is 'n boek met sestien van Esopus se wyse, pittige en tydlose fabels wat teen 'n Afrika-agtergrond oorvertel word. Dit is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

**Titel:** *Fabels van Esopus*

**Skrywer:** Oorvertel deur Beverley Naidoo

**Illustreerder:** Piet Grobler

**Uitgewer:** Human & Rousseau (www.humanrousseau.com)

## Story corner

Here is the first part of a well-known Aesop's Fable that has been retold in a South African setting. Enjoy reading it aloud or retelling it.

### The boy and the jackal

(Part 1)

Retold by Wendy Hartmann

There was once a young boy who lived on a farm near a village. He lived with his mother, father and sister. Everybody in his family had their own special job to do. His job was to look after the sheep.

Every morning he took the sheep out into the veld. There the sheep ate the grass and plants. He watched them all day.

There were rocks and bushes at the end of the veld. That was where the jackals lived, but the boy made sure that his sheep did not go close to the rocks. Every evening he took the sheep back to the farm so that they would be safe.

While the boy went out with the sheep, his sister went to the village to sell vegetables and eggs from their farm. At the market she spoke to everyone.

"My sister always has people to talk to," said the young boy one day.

"She has so many friends and I have none. I am out here, all alone, every day. I never have anyone to talk to." He looked at his sheep and sighed.

After thinking about this for a long time he came up with a plan. "I know what I will do," he said. "I will cry 'Jackal!' Everyone will come to help me. Then I can say the jackal went back into the bushes. I will help them search. Then I will have someone to talk to. We'll talk about sheep and jackals and other things."

So one day he tried out his plan. He started to shout and ran down to the village.

"Jackal! Help!" he called loudly.

The people heard him shouting and ran to help. They came with sticks and stones; with brooms and spades. They came with anything they could find to help chase the jackal away.

Of course, there was no jackal. The boy had lied. But the people did not know this. After searching for a while, some of the people stayed to talk to the boy. This made him very happy.

"I think I will do that again," he said when everyone had left. "It was so good to have people to talk to."

When he took the sheep home that night, his family had heard all about him shouting for help and they begged him to tell them what had happened.

"I heard it from the baker," said his father.

"I was in the village and saw the people running to help," said his mother.

"Were you scared?" asked his sister.

So the boy told them all about the jackal, and the lie grew bigger and bigger.

**Do you think the boy did the right thing? Find out next week what happened to him because he lied.**

## Storiehoekie

Hier volg die eerste deel van 'n bekende Fabel van Esopus wat oorvertel word in 'n Suid-Afrikaanse omgewing. Geniet dit om dit hardop te lees of oor te vertel.

### Die seun en die jakkals

(Deel 1)

Oorvertel deur Wendy Hartmann

Daar was eenmaal 'n jong seun wat op 'n plaas naby 'n dorpie gewoon het. Hy het saam met sy ma, pa en suster gewoon. Almal in sy gesin het hulle eie spesiale werk gehad. Sy werk was om die skape op te pas.

Elke oggend het hy die skape veld toe gevat. Daar het die skape gras en bossies gevreet. Hy het die skape die hele dag lank opgepas.

Aan die rand van die veld was daar rotse en bosse. Dit was die jakkalse se blyplek, maar die seun het seker gemaak sy skape gaan nie te naby aan die rotse nie. Elke aand het hy die skape terug plaas toe gevat sodat hulle veilig sou wees.

Terwyl die seun veld toe gegaan het met die skape, het sy suster dorp toe gegaan om groente en eiers van hulle plaas daar te verkoop. By die mark het sy met almal gesels.

"My suster het altyd mense om mee te gesels," sê die jong seun op 'n dag. "Sy het so baie vriende en ek het niemand nie. Ek is elke dag stoksielalleen hier. Ek het nooit iemand om mee te praat nie." Hy kyk na sy skape en sug.

Nadat hy 'n lang ruk hieroor gedink het, kry hy 'n plan. "Ek weet wat om te doen," sê hy. "Ek sal 'Jakkals!' skree. Almal sal my kom help. Dan kan ek sê die jakkals het in die bosse ingehardloop. Ek sal die mense help soek. Dan sal ek iemand hê om mee te praat. Ons sal oor skape en jakkalse en ander dinge gesels."

Op 'n dag toets hy toe sy plan. Hy begin skree en hardloop na die dorpie toe.

"Jakkals! Help!" roep hy hard.

Die mense hoor hom skree en hardloop om hom te help. Hulle kom met stokke en klippe; met besems en grawe. Hulle kom met enigiets wat hulle kan vind om te help om die jakkals weg te jaag.

Natuurlik is daar geen jakkals nie. Die seun het gejoj. Maar die mense weet dit nie. Nadat hulle 'n rukkie gesoek het, bly party van die mense om met die seun te gesels. Dit maak hom baie gelukkig.

"Ek dink ek sal dit weer doen," sê hy toe almal weg is. "Dit was so lekker om geselskap te hê."

Toe hy die skape daardie aand huis toe vat, het sy gesin reeds gehoor hoe hy om hulp geroep het, en hulle smeek hom om hulle te vertel wat gebeur het.

"Ek het dit by die bakker gehoor," sê sy pa.

"Ek was in die dorp en het die mense sien hardloop om jou te help," sê sy ma.

"Was jy bang?" vra sy suster.

Toe vertel die seun hulle alles van die jakkals, en die leuen word groter en groter.

**Dink jy die seun het die regte ding gedoen? Vind volgende week uit wat met hom gebeur het omdat hy 'n leuen vertel het.**



Illustration by Natalie Hinrichsen  
Illustrasie deur Natalie Hinrichsen

### In your next Nal'ibali supplement:

- Celebrating two years of Nal'ibali supplements
- A special birthday-edition story to cut out and keep, *The birthday wish*
- Enter out birthday card competition and win one of three book hampers
- The final part of the Story Corner story, *The boy and the jackal*

Do you run a reading club? If so, register with us at [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) – and we'll send you a free Nal'ibali reading club starter pack filled with tips, activities and ideas for your club!

Find us on Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)  
Vind ons op Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)



### In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Vier twee jaar van Nal'ibali-bylaes
- 'n Spesiale storie vir ons verjaardaguitgawe om uit te knip en te hou, *Die verjaardagwens*
- Skryf in vir ons verjaardagkaartjie-kompetisie en wen een van drie boekgeskenkpakkiessies
- Die laaste deel van die Storiehoekie-storie, *Die seun en die jakkals*

Bestuur jy 'n leesklub? Indien wel, registreer by ons by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) – en ons sal vir jou 'n gratis Nal'ibali-leesklub-beginpak stuur propvol wenke, aktiwiteite en idees vir jou klub!

